Geopende *Deure*

VROUEBEDIENING

Februarie 2012

Noord-Korea

Kim Jong-Il se dood in Desember 2011, verander nie veel vir die Christene wat in die wêreld se mees geslote land woon nie.

Hy sal onthou word vir sy kernwapens, die isolasie van Noord-Korea, die kroniese hongersnood in sy land en sy talle, kolossale strafkampe. Hy behoort ook onthou te word as die diktator wat geen ander godsdiens as sy eie afgodsdiens verduur het nie. Vanuit Geopende Deure se oogpunt, hoef Christene en ander ondergrondse godsdienstiges nie juis 'n groot beleidsverandering van Kim Jong-Il se opvolger, sy seun Kim Jong- Un, te wagte te wees nie.

Kim Il-Sung, die pa van Kim Jong Il, het aanvanklik talle strafkampe opgerig vir ontroue landsburgers en politieke vyande, maar dit was Kim Jong-Il wat díe kampe laat groei het. Nie net is daar 'n paar 'mega-kampe' waarin nagenoeg 50,000 gevangenes is nie, maar daar is ook dosyne kleiner kampe. Honderdeduisende Noord-Koreane word daagliks in hierdie helse plekke wakker. Dit is meer as 1 persent van die land se totale populasie. Onder hulle is daar tussen 50,000 en 70,000 Christene wat beskou word as staatsvyande.

Na beraming is daar 'n verdere 300,000 Christene wat hul geloof moet wegsteek in díe land wat Kim Jong-Il nagelaat het. Selfs die besit van 'n Bybel is genoeg om jou, saam met jou hele familie, in die tronk te laat beland, of om tereggestel te word.

Met dit as agtergrond, wil ek graag *Eun-sook se getuienis met jou deel. Daar is baie *Chinese*-Koreane met familie in Noord-Korea. Wanneer hulle dit regkry om uit hul land te vlug, slaag hulle daarin om hul Chinese familielede op te spoor. Eun-sook was verbaas om haar niggie *Mi-young een dag voor haar deur te sien. Dit was die begin van 'n gesamentlike geestelike reis , wat tragies geëindig het. "Ek voel so skuldig. Ek kan fisies die pyn voel; die koue en duisternis van die strafkamp waarin Mi-young nou is.

Geopende Deure het Eun-sook al vantevore ontmoet. Daar is 'n vuur wat brand in die skraal, verouderde, selfs brose vrou. 'n Brandende vuur vir Jesus. Haar geloof het nog altyd rotsvas voorgekom. Selfs toe sy so min vordering in Mi-young se reis saam met God gesien het, het Eun-sook aangehou om haar uit te nooi. Sy het na Mi-young se tragiese lewensverhaal geluister. Sy het saam met haar gebid, en die Woord van God vir haar voorgelees. Nou, is dit asof Eun-sook se geloof 'n knou gevat het. Sy sukkel met vrae soos 'hoekom?' en 'wat kon ek doen om dit wat gebeur het te verhoed?' Miskien vra sy selfs vir God waarom hy nie ingegryp het toe die polisie toegeslaan het nie.

*Skuilname

Portret van Kim Jong-Il

Nie sonder my dogter nie

Net soos menigte ander Noord-Koreaanse vrou, het Mi-young uit haar land gevlug as gevolg van die intense hongersnood. Sy het haar tienerdogter agterweë gelaat met die hoop dat sy haar ook eendag sal kan uitbring. Mi-young het gedroom oor Suid-Korea. Eun-sook kyk af wanneer sy sê: "Nadat sy in China aangekom het, het sy verskeie geleenthede gehad om Suid-Korea toe te gaan, maar sy wou nie sonder haar dogter gaan nie."

Teen die tyd dat Mi-young haar niggie opgespoor het, was sy alreeds met 'n Chinese man getroud, en het sy nog twee ander kinders gehad. Mi-young was nie lief vir haar man nie. 'n Troue is net die maklikste manier vir enige Noord-Koreaanse vrou om in China weg te kruip. Sy het ook nie haar kinders liefgehad nie. Hoe kon sy? Sy is van haar dogter weggedryf, gedwing om te trou en het teen haar wil swanger geraak. Sy het sleg gevoel dat sy nie haar kinders kon liefhê soos 'n ma veronderstel is nie, maar Mi-young kon dit net eenvoudig nie regkry nie.

Die Bybel was gif

"Mi-young se Chinese man was baie arm, so sy het net na my toe gekom vir finansiële ondersteuning", se Eun-sook. "Ek het al gehoor dat dit waar is van baie Noord-Koreaanse vlugtelinge, en dit is verseker ook my ervaring; dat jy hulle nie kan vertrou nie. Hulle het nooit geleer om lief te hê of om liefde te aanvaar nie. Ons weet van gee en neem, maar in die Noord-Koreaanse samelewing is dit anders. Hulle leef volgens díe beginsel dat die sterkste een sal oorleef. Mi-young 'weet' dat jy niemand buiten jouself kan vertrou nie.

"Sy het tot uiterstes gegaan vir die finansiële ondersteuning, maar het nooit meer van haarself openbaar as wat nodig was om die geld te kry nie. En natuurlik het sy gelieg, sy het baie goed ook gelieg. Ek het haar nie daaroor veroordeel nie. In haar wêreld was daar nie betroubare, liefdevolle mense nie. Christene was die vyand, en die Bybel was gif."

Mi-young het aanhou om Eun-sook te besoek, en Eun-sook het aanhou om die Bybel vir haar voor te lees en saam met haar te bid. Mi-young het baie vrae gehad wat Eun-sook so goed moontlik probeer beantwoord het. Maar, afgesien hiervan was dit die arm om haar skouers – die geloof wat Eun-sook uitgeleef het – wat Mi-young eintlik verander het. Stadig, baie stadig, het haar geloof begin groei." Dit het vir Mi-young die wêreld beteken toe sy besef het hoe Jesus nog altyd oor haar gewaak het.

Haar gode, die leiers van Noord-Korea, het haar mishandel, maar die allerhoogste God van die heelal het haar lief. Die mooiste was dat sy eindelik geleer het om haar Chinese man en kinders ook lief te hê."

Mi-young het steeds by Eun-sook gaan kuier. Hulle het gesels oor boerdery, kinders en 'vroue-goed'. Hulle het selfs gebedspunte met mekaar gedeel. Met een van haar besoeke het Mi-young kos saamgebring. "Dit is 'n kosbare geskenk van 'n Noord-Koreaan ", neem Eun-sook waar. "Haar lewe het moeilik gebly. Sommige mense het haar probeer oorreed om Suid-Korea toe te gaan, maar sy het geweier. Sy wou regtig nie sonder haar dogter gaan nie. Buitendien was haar dogter nou amper oud genoeg om te probeer vlug.

Toe kom daardie vreeslike dag..."

Stuur my in hulle plek

Eun-sook sal daardie dag nooit vergeet nie. Mi-young was by haar huis vir Bybelstudie. Nadat sy die huis binnegegaan het, het die polisie die huis binnegeval. "Ek het bly skree dat Mi-young onskuldig is en dat hulle my moet saamneem, maar hulle het geweier om haar te laat gaan. Hulle het ons na die polisiestasie geneem en ons is van mekaar geskei. Ek is vir die volgende twee dae ondervra."

Eun-sook is onder druk geplaas om inligting oor ander vlugtelinge bekend te maak.

"Weet jy wat ons met hierdie Noord-Koreaanse vrou sal doen na wie jy omgesien het?"

Eun-sook het haar kop geskud. "Julle sal haar terugstuur na Noord-Korea."

"En weet jy wat hulle in haar eie land sal doen?"

"Hulle sal haar doodmaak."

"Jy beter vir ons meer inligting gee.

Eun-sook het gehuil. "Nee, nee. Asseblief moet haar nie terugstuur nie. Stuur my! Laat hulle my doodmaak! Mi-young het kinders, 'n familie, laat haar gaan."

In plaas daarvan is Eun-sook vrygelaat. "Een van die beamptes het na my toe gekom en in Koreaans gepraat. Hy het gesê hy voel jammer vir Mi-young, maar dat hy nie 'n keuse het nie. Sy familie het ook brood op die tafel nodig. So, hy het sy plig nagekom en Mi-young aan die Noord-Koreaanse owerhede oorhandig. Sover my kennis strek is sy nie tereggestel nie, maar tot 'n paar jaar in 'n strafkamp gevonnis."

Eun-sook sug. Sy het Mi-young se storie vertel, maar nie haar eie nie. Sy dra 'n swaar las van skuldgevoelens. "Ek moet die heeltyd aan Mi-young en haar familie dink, díe in China en díe in Noord-Korea. Wanneer ek kinders op straat hoor lag, sien ek nogsteeds die gesigte van Mi-young se kinders. Hoe kan hulle aangaan? As dit nie vir my was nie, het hulle dalk nog hul ma gehad. Soms wanneer ek alleen is, kan ek die fisiese pyn voel wat Mi-young voel. Dit voel of ek honger en bang op 'n koue sement vloer lê in 'n donker plek."

Psalm 23

Daar het 'n dag gekom waarop sy net nie meer die gedagte van Mi-young in die strafkamp kon verduur nie. Dis toe dat sy aan die bekende woorde van **Psalm 23** gedink het:

Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.
Hy laat my in groen weivelde rus.
Hy bring my by waters waar daar vrede is. Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie tot die eer van Sy naam.

Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie,
want U is by my
In U hande is ek veilig.

U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teenstaanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.
U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees
In die huis van die Here tot in lengte van dae.

"Dit was asof God vir my vrae gevra het. Hy het gevra: 'Wie is Ek?' en ek het geantwoord: 'U is Abba Vader.'
'En wie is Ek vir Mi-young?'
'U is ook haar Vader.'
'Ja, Ek is haar Vader en Ek is lief vir haar.'

"Ek het vertroosting ervaar, en God het aanhou om Sy liefde vir Mi-young aan my te bevestig. Ek is oor en oor vertroos deur Psalm 23 wat my herinner het aan Sy liefde vir Mi-young en vir my."

'Sy het soveel drome gehad'

Eun-sook raak vir 'n oomblik stil. "Maar, ek hou net aan bid dat sy aan haar geloof sal vashou...Ek is nie daarvan oortuig nie. Ek weet God is getrou, maar Mi-young is nog'n jong gelowige. Sy het soveel drome gehad, drome om te verenig met haar dogter in Noord-Korea, om die Evangelie met haar te deel en na 'n veiliger land te trek. Nou word sy elke oggend wakker in 'n plek wat in elke sin van die woord hel op aarde is. Dit bekommer my."

Eun-sook het klaar gepraat. Al wat daar vir haar oorbly om te doen is om te bid, vir Mi-young en haar familie, en vir al die ander Noord-Koreane in soortgelyke situasies. Na die gebed staan Eun-sook op om te loop en sê: "Ek dink ek moet aanvaar dat Mi-young in die vallei van donker dieptes is, maar dat God aan haar sy is. Hy is saam met ons almal. Waar ons ookal gaan."

Gebedspunte:

- **Bid dat Eun-sook bevry sal word van die gevoelens van skuld wat sy ervaar.**
- **Bid vir Mi-young. Ons weet sy is 'n jong gelowige. Bid dat God haar sal help om te volhard in haar geloof. Bid Psalm 23 oor haar en die duisende ander gelowiges in strafkampe.**
- **Bid vir haar kinders, veral vir haar dogter in Noord-Korea. Bid dat sy tot die reddende kennis van Christus sal kom.**

Geleenthede om na uit te sien in 2012:

18 Februarie	Ons eerste *Reisigersdag* sal by ons hoofkantoor gehou word. Kontak my om te registreer.
14-23 April	'n Welbekende spreker oor Noord-Korea besoek Suid-Afrika.
2-8 Augustus	Vroue Fokusweek – inligting op pad.
3-5 Augustus	Ons eerste nasionale vroue-konferensie – inligting op pad.
2-8 Augustus	'n Welbekende spreker oor die situasie in die Golf en die Midde-Ooste besoek Suid-Afrika. Sy sal ook die die hoofspreker wees tydens die vroue- konferensie.
6-17 September	'n Spreker rakende die situasie vir vervolgde gelowiges wereldwyd, besoek Suid-Afrika – inligting op pad.

Uit my pen...

Liewe Susters

Ons broers en susters in Noord-Korea waardeer ons gebede. As organisasie sit ons 15 April opsy om deel te wees van 'n wêreldwye dag van vas en gebed vir Noord-Korea. Die fokus gaan veral val op ons geliefde broers en suster, soos Mi-young en ander. Sal jy ook hierdie dag afstaan aan gebed? Moedig ook jou kerk en familielede aan om soveel moontlik Psalms namens die Noord-Koreaanse Christene te bid. Ons sal byvoorbaat die Noord-Koreaanse Christene laat weet dat broers en susters van regoor die wêreld op 15 April Psalms vir hulle gaan bid. Dit behoort hulle 'n geweldige morale hupstoot te gee, so neem asseblief deel.

'n Welbekende kundige oor Noord-Korea, met 'n passie vir die Kerk in die land, besoek Suid-Afrika gedurende April. Ek bied twee vrouebyeenkomste aan waartydens sy gaan optree. Ek sal meer inligting voorsien in die April gebedsbrief, maar die byeenkomste sal in die tydperk van 12 -23 April 2012 wees. Indien jy dringend inligting benodig kan jy my skakel of e-pos.

My gebed vir 2012 kom uit Filippense 4:4-7:

"[4] Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! [5] Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. [6] Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7] En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."

Mag dit waar wees in jou en in my lewe, asook in die lewens van ons susters in Christus wat so 'n duur prys vir Hom betaal.

Saam in sy diens

Janine

Women to Women
'n bediening van GeopendeDeure

Vrouebediening
Janine
T 011 888 9341
F 011 888 9362
E women@opendoors.org.za
I www.opendoors.org.za